SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2015

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*IAFRFA3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer die skryfstukke soos wat dit op die vraestel verskyn.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 'n opstel van 200–250 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

1.1 Ek sing 'n duet saam met … **[50]**

1.2 Is dit regtig nodig vir die Bokke om voor 'n wedstryd hul kinders op die veld te bring? **[50]**


1.3 "Dis so romanties om in die reën te loop." **[50]**

1.4 Ek is vir een dag: … my *Ma*! **[50]**

1.5 Ek het my les geleer! **[50]**

1.6 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die kern van die prent aansluit.

1.6.1



[Bron: *Grazia,* 17 September 2014] **[50]**


Kopiereg voorbehou 

1.6.2



[Bron: *Huisgenoot,* 9 Oktober 2014] **[50]**

1.6.3



[Bron: *Workbook Training Manual*] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 **BEDANKINGSBRIEF**

Dit was jou skool se belangrike verjaarsdag en 'n bekende kettingwinkel het 'n groot bedrag geld aan die skool geskenk.

Skryf 'n brief aan die direkteur van die kettingwinkel waarin jy hulle namens die leerders bedank. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Jou ouma/oupa is skielik oorlede. Jy is die oudste kleinkind en is gevra om 'n huldeblyk op die begrafnis te lewer.

Skryf die huldeblyk. **[30]**

2.3 **KOERANTARTIKEL**

Skryf 'n artikel oor *boelies* wat in jou skoolkoerant gepubliseer gaan word. Verskaf jou eie gepaste titel by jou artikel. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Jou skool se saalbyeenkoms word al vir jare op dieselfde manier gedoen. Jy dink dis tyd dat die formaat verander moet word.

Skryf die gesprek tussen jou en die skoolhoof hieroor neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

3.1 **STROOIBILJET**

Jou klas loods ŉ projek waarin julle die matrikulante vra om hulle skoolskoene en sporttoerusting aan die skool te skenk. Julle sal dit dan na skole waar dit benodig word, versprei.

Ontwerp die STROOIBILJET wat julle by skole gaan uitdeel. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jou naam is op die kennisgewingbord! Jy het die span gehaal!

Skryf jou gevoelens in jou DAGBOEK. **[20]**

3.3 **AANWYSING**

Jou ouma het nog nooit ŉ e-pos aan iemand gestuur nie.

Skryf die STAPPE wat sy moet volg, neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou